Titel: Belowe
Pastoor: Paul Bruwer
Datum: 16 November 2008
Tyd: 19h15

A. Standaard van heerlikheid

Jesaja 59:19
19 Van oos tot wes sal die Naam en mag van die Here geëer word. Wanneer die teëstander aanstorm soos 'n rivier, jaag die Gees van die Here hom op loop. [So shall they fear the name of the LORD from the west, and His glory from the rising of the sun; when the enemy comes in like a flood, the Spirit of the LORD will lift up a standard against him.]

B. Bewys en vaste vertroue

Hebreërs 11:1
1 Die geloof dan is 'n vaste vertroue op die dinge wat ons hoop, 'n bewys van die dinge wat ons nie sien nie.

Psalm 3:8
8 Hulp kom net van die Here af. U laat dit goed gaan met U volk. [Salvation belongs to the Lord. Your blessing is upon your people.]

C. Geloof wat altyd vermeerder

Hebreërs 6:12-13
12 sodat julle nie traag word nie, maar navolgers van hulle wat deur geloof en lankmoedigheid erfgename van die belofte is. 13 Want toe God aan Abraham die belofte gegee het, het Hy, omdat Hy by geen meerdere kon sweer nie, by Homself gesweer.

Galasiërs 3:14, 29
14 sodat die seën van Abraham na die heidene kan kom in Christus Jesus, en dat ons die belofte van die Gees deur die geloof kan ontvang.
29 En as julle aan Christus behoort, dan is julle die nageslag van Abraham en volgens die belofte erfgename.

D. Die belofte deur geloof

Genesis 12:2
2 En Ek sal jou 'n groot nasie maak en jou seën en jou naam so groot maak, dat jy 'n seën sal wees

Genesis 17:7
7 En Ek sal my verbond oprig tussen My en jou en jou nageslag ná jou in hulle geslagte as 'n ewige verbond, om vir jou 'n God te wees en vir jou nageslag ná jou.

Genesis 22:17-18
17 dat Ek jou ryklik sal seën en jou nageslag grootliks sal vermeerder soos die sterre van die hemel en soos die sand wat aan die seestrand is; en jou nageslag sal die poort van sy vyande in besit neem. 18 En in jou nageslag sal al die nasies van die aarde geseën word, omdat jy na my stem geluister het.

E. Die sleutel

Genesis 15:1
1 Ná hierdie dinge het die woord van die HERE tot Abram gekom in 'n gesig en gesê: Vrees nie, Abram, Ek is vir jou 'n skild en jou loon is baie groot. [After these things the word of the Lord came

to Abram in a vision, saying, “Do not be afraid, Abram. I am your shield, your exceedingly great reward.”]

F. Die ewige Woord

Jesaja 55:1-5, 11

1 Almal wat dors het, kom na die waters; en wie geen geld het nie, kom, koop en eet; ja, kom, koop sonder geld en sonder prys, wyn en melk! **2** Waarom weeg julle geld af vir wat geen brood is nie, en julle arbeid vir wat nie kan versadig nie? Luister aandagtig na My en eet die goeie, en laat julle siel hom in vettigheid verlustig. **3** Neig julle oor en kom na My toe, luister, en julle siel sal lewe; Ek wil met julle ‘n ewige verbond sluit: die bestendige genadebewyse van Dawid. **4** Kyk, Ek het hom tot ‘n getuie van die volke gemaak, tot ‘n vors en ‘n gebieder van die nasies. **5** Kyk, nasies wat jy nie geken het nie, sal jy roep; en nasies wat jou nie geken het nie, sal na jou hardloop, ter wille van die HERE jou God en van die Heilige van Israel, omdat Hy jou verheerlik het.

11 so sal my woord wees wat uit my mond uitgaan: dit sal nie leeg na My terugkeer nie, maar doen wat My behaag en voorspoedig wees in alles waartoe Ek dit stuur.